# Les 13 KONINGSKINDERS: DIE HERE GAAN MAAK DAT DIE FARAO TE MOEG EN BANG IS OM SY KINDERS TE MISBRUIK

## 1. Die Here maak Sy kinders se lewe nog moeiliker

Kan julle onthou wat die Here vir Moses gesê het om vir die Farao te sê? Hy moes vir die Farao sê dat hy die Israeliete moet toelaat om weg te trek om die Here te aanbid. Die Farao wil nie na die Here luister nie. Hy wil hê God moet stilbly as hy praat. Daarom het hy baie kwaad geword toe Moses vir hom sê wat die Here sê, en besluit hy sal die Israeliete hulle laat doodwerk. Dan sal hulle só bang wees vir hom, dat hulle nie na die Here sal wil luister nie.

Wat het die Here nou gedoen? Hy het die lewe van Sy kinders net nóg moeiliker gemaak. Dit is soos wanneer die dominee met ’n pa gaan praat wat sy kinders vloek en slaan. Wat gaan hierdie pa doen as die dominee vir hom gesê het die Here sê hy moet ophou om die kinders te vloek en te slaan? Hy gaan die kinders nog méér vloek en slaan, net omdat die dominee vir hom gesê het die Here sê hy moet ophou.

Moses verstaan glad nie hoekom die Here Sy kinders se lewe nog moeiliker maak nie. Hy gaan praat met die Here, en kyk hoe antwoord die Here hom:

*“22 Daarna het Moses weer na die Here gegaan en gesê: “Here, waarom werk U so sleg met hierdie volk? Waarom het U my nou eintlik gestuur? 23 Van die eerste oomblik af dat ek by die farao gekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk mishandel. Tog het U niks gedoen om u volk te red nie!” 24 Toe sê die Here vir Moses: “Nou sal jy sien wat Ek met die farao gaan doen: Ek gaan hom dwing om my volk te laat gaan; ja, Ek gaan hom dwing om hulle uit sy land uit weg te jaag.”* ***6*** *God het vir Moses gesê: “Ek is die Here! 2 Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige, maar my Naam, die Here, het Ek nie aan hulle bekend gemaak nie. 3 Tog het Ek my verbond met hulle gemaak, naamlik om die land Kanaän aan hulle te gee, ’n land waarvan hulle nie burgers was nie. 4 Ek het die gekerm van die Israeliete, wat deur Egipte verkneg word, duidelik gehoor en Ek het aan my verbond gedink. 5 Daarom moet jy vir die Israeliete sê: Ek is die Here. Ek sal julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. Ek sal julle van die verknegting verlos, Ek sal julle vry maak met mag en met groot reddingsdade. 6 Ek neem julle aan as my volk en Ek sal julle God wees. Dan sal julle besef dat Ek, die Here, julle God is wat julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. 7 Ek sal julle bring na die land toe wat Ek met ’n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. Ek sal dit julle eiendom maak. Ek is die Here.” 8 Dit het Moses toe aan die Israeliete vertel, maar in hulle moedeloosheid oor die harde werk het hulle nie na hom geluister nie.....* ***7*** *2 Alles wat Ek jou beveel, moet jy aan jou broer Aäron oordra, en hy moet dit vir die farao vertel sodat hy die Israeliete kan laat trek uit sy land uit. 3 Maar Ek sal die farao hardkoppig maak, sodat Ek baie tekens en wonders in Egipte kan doen. 4 Hy sal wel nie na julle luister nie, maar dan sal Ek Egipte my mag laat ervaar: met groot reddingsdade sal Ek die stamme van my volk Israel uit Egipte bevry. 5 As Ek Egipte tref, sal hulle besef dat Ek die Here is,*

*en dan sal Ek Israel tussen hulle uit laat trek.” [6] Moses en Aäron het gedoen presies wat die Here hulle beveel het.”* (Exodus 5 – 7)

**2. Die Here gaan die Farao dwing om Sy kinders te los**

Die Here wys vir Moses wat Hy besig is om te doen. Hy is nie besig om Sy kinders se lewe moeiliker te maak nie. Hy het die Farao ’n kans gegee om te luister voordat Hy hom gaan dwing om Sy kinders uit te los: *“[24] Toe sê die Here vir Moses: “Nou sal jy sien wat Ek met die farao gaan doen: Ek gaan hom dwing om my volk te laat gaan; ja, Ek gaan hom dwing om hulle uit sy land uit weg te jaag.”*

Wat beteken dit om iemand te dwing om iets te doen? ‘Dwing’ beteken dat iemand iets teen sy wil moet doen. Hy wil nie, maar hy móét. Al wil hy nie. Hoe kan dit só werk dat ’n magtige koning wat glo hy is God, en al die mense glo óók hy is God, en is bang vir hom, iets moet doen, al wil hy dit nie doen nie, maar hy móét?

Dit is omdat hy nie almagtig is nie, maar moeg. As iemand se kragte klaar en gedaan is, dan doen hy maar wat vir hom gesê word. As iemand bang is, dan doen hy maar wat gesê word.

Kyk nou wat sê die Here! Farao het gedink hy gaan die Here se kinders só moeg en bang maak dat hulle nie na die Here sal kan luister nie – en dit het vir Moses gelyk asof die koning dit regkry, want die Israeliete het nie meer geluister of geglo wat die Here vir hulle gesê het nie: *“[8] Dit het Moses toe aan die Israeliete vertel, maar in hulle moedeloosheid oor die harde werk het hulle nie na hom geluister nie.....”*

Nou kom die Here en wys dat Hy vir Farao só moeg en bang gaan maak dat hy die Here se kinders sommer sal wegjaag, al wou hy hulle al die tyd vasgehou het om sy vuilwerk te doen. Die Here gaan vir almal wys – dit is nie grootmeneer-konings wat die Here se kinders te moeg en te bang maak om na die Here te luister nie. Dit werk net mooi andersom. Dit is die Hére wat grootmeneer-konings só bang en moeg maak dat hulle na Hom móét luister, al wil hulle nie regtig nie.

**3. Die Here maak goddelose mense hardkoppig**

Moses sê vir die Here dat Hy niks doen as die Farao Sy kinders mishandel nie. Dit is ’n baie ernstige beskuldiging wat Moses teenoor die Here maak. Dit beteken die Here maak beloftes wat Hy breek. Dit beteken dat dit gevaarlik is om na die Here te luister. Want as die Here belowe, dan doen Hy nie wat Hy belowe nie, en dan is jy net in nóg groter moeilikheid omdat jy op die Here vertrou het.

Dit is hoe baie kinders voel oor hulle ouers en grootmense. As jy op die Here vertrou om te keer dat grootmense jou mishandel, dan doen Hy nie wat Hy belowe nie. Baie grootmense voel óók so: die Here help nie regtig Sy kinders

teen mense wat hulle misbruik en mishandel nie. Daarom voel hulle 'n mens moet maar eerder luister na mense wat jou mishandel en boelie, as na die Here.

Maar dit werk baie anders as wat ons dink. Kyk wat sê die Here vir Moses: *"[3] Maar Ek sal die farao hardkoppig maak, sodat Ek baie tekens en wonders in Egipte kan doen. [4] Hy sal wel nie na julle luister nie, maar dan sal Ek Egipte my mag laat ervaar: ..."*

Wie maak dat boelies en grootmenere nie na die Here luister nie? Dit is nie húlle wat so sterk en magtig is dat hulle nie na die Here luister nie. Die Hére maak dat hulle nie na Hom luister nie. Die Hére maak hulle hardkoppig.

Hoekom maak die Here sulke mense hardkoppig? Dit is die manier waarop die Here hulle Sy mag laat ervaar. Dit beteken, dit is hoe die Here hulle laat voel Hy is magtig, en hulle is swak. Dit is hoe die Here boelies breek. Hy maak hulle hardkoppig. Hulle kan nooit na die regte raad luister nie. Hulle kan nooit na die beste planne luister nie. Hulle weet nooit hoe om goed te doen nie.

Wat gebeur met mense wat nooit weet hoe om goed te doen, die regte raad te volg en die beste planne te maak nie? Hulle raak moeg en moedeloos gesukkel met al die moeilikheid wat hulle vir hulleself veroorsaak! Die Here maak hulle met die magtige dade waarmee Hy die wêreld regeer en hoe Hy dinge laat werk – moeg en moedeloos, bang en deurmekaar.

**4. Die Here raak nie kwaad vir ons as ons moeg en bang is nie**

Wie gaan die moegste en bangste wees dink julle, die Farao of die Here? Dit is die Farao! Nie die Here nie! Kyk weer hoe voel die Israeliete! *"[8] Dit het Moses toe aan die Israeliete vertel, maar in hulle moedeloosheid oor die harde werk het hulle nie na hom geluister nie....."*

Is die Here kwaad vir hulle omdat hulle so moeg en bang is? Nee. Die Here raas nie eens met hulle nie. Hy weet hoe wreed en wraaksugtig die Farao is. Hy weet hoe hulle mishandel word. Die Here weet mense wat mishandel word, is te moedeloos gesukkel met al die seerkry en swaarkry om na Hom te luister.

Die Here raas nie met hulle nie. Die Here doen alles om hulle uit die mag van hierdie boelie los te kry. Terwyl hulle moedeloos dink alles sal altyd maar so aanhou, bewerk die Here met Sy mag om die Farao te breek en hulle te bevry van hierdie slawewerk.

**5. <u>God is die Here</u>**

Kyk hoeveel keer sê God in hierdie gedeelte Hy is die Here!

6 vers 1: *"God het vir Moses gesê: "**Ek is die Here**!"*

6 vers 5: *"Daarom moet jy vir die Israeliete sê:* ***Ek is die Here****. Ek sal julle van die dwangarbeid bevry ."*
6 vers 6: *"Ek neem julle aan as my volk en Ek sal julle God wees. Dan sal julle besef dat* ***Ek die Here*** *julle God* ***is*** *..."*
6 vers 7 *"Ek sal julle bring na die land toe wat Ek met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob beloof het, ...* ***Ek is die Here.****"*

Wat beteken dit as God vir ons sê: "Ek is die Here". Dit beteken die Here doen wat Hy vir ons as Sy kinders beloof. Hy is almagtig. Niemand kan keer dat Hy doen wat Hy vir ons beloof nie. Die Here belowe ons is Sy kinders. Hy sorg vir ons en ons sal die Here kan dien.

Hierdie belofte maak die Here altyd waar. Een manier waarop die Here hierdie belofte waar maak, is om mense wat ons mishandel en seermaak, hardkoppig te maak. Hy maak hulle só hardkoppig dat hulle nie meer slim, goed en reg kan optree nie. Dan breek die Here hulle mag omdat hulle hardkoppig dom, sleg en verkeerd optree.

**6. Ons kan altyd op die Here se belofte vertrou**

Hierdie belofte sal die Here altyd vir ons waar maak: Hy maak ons Sy kinders en sal altyd vir ons sorg, en maak dat ons die Here kan dien. Almal wat dit wil keer of van ons wil wegvat, sal die Here hardkoppig maak: dom, sleg en verkeerd. Só breek die Here almal se mag wat wil wys dat hulle ons te moeg en te bang sal maak om na die Here se beloftes te luister.

Dink julle die Here sal dit met 'n pa en ma kan doen? As 'n pa en ma kinders te moeg en bang maak om na die Here te luister, wat gaan die Here met hulle doen? Die Here sal Sy beloftes waar maak. Hy sal hulle só dom, sleg en verkeerd maak dat hulle nie sal kan aanhou om die Here se kinders moeg en bang te maak nie.

Dink julle die Here kan dit met jou skoolmaats doen? As daar skoolmaats is wat jou spot, verneder, uitstoot en seermaak omdat jy nie wil saam verkeerd doen nie, en jou probeer dwing om saam verkeerd te doen, wat gaan die Here met hulle doen? Die Here gaan hulle só dom, sleg en verkeerd maak dat Hy hulle mag oor jou sal breek!

Dink julle die Here kan dit met magtige regeerders doen? Wat dink julle het die Here met Mugabe gemaak? Hy het hom só dom, sleg en verkeerd gemaak dat die Here sy mag gebreek het.

Daarom kan ons, al is ons moeg en bang, altyd glo God is die Here! Dit beteken: God gaan Sy belofte waar maak dat ek Sy kind is, wat Hy versorg sodat ek die Here kan dien. Hy gaan almal wat wil keer dat ek die Here dien, se mag breek.

## 7. En as dit slegter gaan?

Wat moet ons doen as mense grootmeneer ander mense boelie? Ons moet vir hulle sê die Here sê hulle moet ophou. Hulle moet die Here se kinders uitlos!

Wat gaan hulle doen as ons dit sê? Hulle gaan wys hulle sal aanhou en ons nog méér boelie. Wat weet ons as dit gebeur? Dan weet ons, die Here maak hulle hardkoppig sodat hulle dom, sleg en verkeerd sal wees. Die Here is besig om hulle mag te breek. Die Here is nie besig om niks te doen terwyl ons mishandel word nie. Nooit nie!

As ons dit weet en glo, wat gaan dan gebeur? Dan hoef ons nooit moeg en bang te dink, die Here doen niks as ons mishandel word nie. Dan weet ons, die Here is besig om ons vry te maak. Hy maak mense wat ons mishandel dom, sleg en verkeerd, en sulke mense se mag breek maklik en gou.

## 8. Opdrag

Gaan vra vir Ma of Pa of enige grootmens: hoekom maak die Here mense wat nie in Hom glo nie – hardkoppig? Onthou die antwoord: op hierdie manier maak die Here ons vry van hulle mag om ons te moeg en te bang te maak om na die Here te wil luister.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________
Handtekening: ouer of voog